

Matriekafskeid - Hoërskool Heilbron

Hoërskool Heilbron se matriek-afskeid het 19 September plaasgevind. Die tema was duidelik sigbaar deur die graad 11 leerders wat elkeen soos 'n karakter uit "The Greatest Showman" aangetrek het. Elke karakter se klere was handgemaak

en dit het behoorlik die toe-skouers se aandag getrek. 24 Paartjies het die saal binnegestap deur 'n tunnel wat hulle aan 'n beeldskone maroen, wit en goue saal met 1 000 liggies blootgestel het. Rokke wat die dogters gedra het was uiteenlopend, van klassieke ontwerpe

tot meer deftige en uitspattige ontwerpe. Die matrieks het 'n heerlike ete geniet en die kos wat gemaak is volgens die sirkustema was alles behalwe gewoon. Die graad 12 leerders is later die aand verras met 'n "photo booth" en praktiese geskenk. Die weer was uitstekend

en nie 'n windjie het gewaai nie. 'n Onvergeetlike aand is agter die rug en sal nog lank deur die leerders en ouers gekoester word. Foto erkenning: André Pretorius Fotografie. (Foto's van die matriekafskeid is beskikbaar by André Pretorius).

